# HOOFSTUK 1

## ALGEMENE INLEIDING EN ONTWIKKELING VAN HIERDIE STUDIE.

### 1.1 INLEIDING.

In die post moderne samelewing word daar in toenemende mate groter eise aan die gelowige gestel. Tegnologiese vooruitgang, die wisseling van die tyd, 'n nuwe millennium, die eise tot verbeterde produktiwiteit, groot ekonomiese vraagstukke, finansiële onstabiliteit, veranderde politieke omstandighede, regstellende aksies, die transformasie van die samelewing in Suid-Afrika, werksonsekerheid en die stresfaktor is enkele voorbeelde van omstandighede wat groterwordende eise aan die gelowige stel. Kerk en samelewing het nuwe dimensies bygekry wat in die praktiese teologie bestudeer moet word en in pastorale versorging nader uitgewerk moet word. Een van die take van die praktiese teologie as teologiese wetenskap is juis om die gemeente te dien met die nodige kennis van die eietydse werklikheid. Praktiese teologie moet perspektief hê vir die samelewing waarin die gemeente leef en die wêreldsituasie waarin so 'n samelewing bestaan.

Hierdie studie is daarop ingestel om die huidige werklikheid van gelowiges se geloofsverstaan en geloofshandelinge empiries-wetenskaplik te help vasstel. Die ondersoek word vanuit 'n prakties-teologiese (hermeneutiese) hoek gedoen. Pieterse (1993:9) sê: “Die praktiese teologie sal dus die Christelik-kommunikatiewe praxis ook vanuit hierdie oogpunt moet beskou, naamlik of die samelewingsopset in 'n gegewe situasie die handelinge verhinder of bevorder. 'n Verstaan van die politieke situasie in elke tyd is dus ook noodsaaklik. Praktiese teologie, verstaan as 'n teologiese handelingswetenskap, kan nie anders as om die konkrete, huidige werklikheid te ondersoek nie.” Die ontwikkeling van hierdie studie poog om die teologiese kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering met 'n defenitiewe en doelgerigte narratiewe perspektief tot die praktiese teologie te volg. Dit gaan dus in hierdie studie

hoofsaaklik om die kommunikasie van die evangelie in verskillende praktiese situasies met verskillende handelinge soos veral die pastorale gesprek met die oog op die verwerwing van Skriftuurlik-verantwoorde lewensbestuursvaardighede.

Praktiese teologie as kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie, staan in diens van die kommunikasie tussen God en mens, en mens en mens binne die huidige geloofspraktyk. Dit beteken dat ons nie net die kommunikatiewe geloofshandelinge bestudeer nie, maar ook hierdie dinamiese gebeure van die kommunikasie tussen God en mens, en mens en mens, in diens van die Here. Volgens Pieterse (1993:5) "kan 'n praktiese teologie as handelingswetenskap binne die paradigma of denkmodel van 'n kommunikatiewe handelingsteorie, kommunikasie handelinge in diens van die evangelie slegs verstaan word vanuit 'n voorgegewe sin, naamlik die werklikheid en die praxis van God." Deur middel van die pastorale optrede van mense (die pastorale gesprek) spreek God self deur sy Woord en Gees tot die gelowige.

> Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie beteken dat gelowiges hul lewe en optrede deur Skrifbeginsels laat lei. Kommunikatiewe handelinge het te doen om onderlinge begrip, konsensus oor die normatiewe betekenis van die Skrif en die optrede daarvolgens te bewerk. Die doel is die opbou en uitbou van die gemeente; die emansipatoriese welsyn van mense tot eer van God en 'n groei tot volwassenheid in Christus volgens die ideaal van die koninkryk van God, met 'n eskatologiese perspektief.
>
> "Kommunikatiewe handelinge het naamlik te doen met die *omgang* van gelowiges met mekaar. Dit het as bron van die handelinge te make met die ontmoetingsgebeure binne die ontmoetingsgestaltes van mense met God. Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie geskied as gebeure - die gebeure tussen God en mense en mense onderling. Dit moet nie aktivisties verstaan word nie (Zerfass, 1988:45). 'n Fundamentele wetenskapsteoretiese uitgangspunt in hierdie paradigma is dat mense nie anders kan as om te kommunikeer nie. Dit is kommunikatiewe handelinge wat deur middel van taal geskied (vgl. Van Niekerk, 1992:181) - taal gesien in die ruim verband van

kommunikatiewe uitinge deur mense. Kommunikatiewe handelinge is die wyse van die alledaagse bestaan van (in ons geval) die gemeente in die konteks van die samelewing, van hul omgang, hulle verhoudinge, hul reaksies en hul doelbewuste woorde en dade. Kommunikatiewe handelinge is die wyse waarop mense tesame (met mekaar) gestalte aan hul lewe gee. 'Met mekaar' is konstitutief in hierdie paradigma. Eers deur die liefdevolle toewending na mekaar in die naam van Christus kan 'n mens eie identiteit vind, en deur die verdienste van Christus en die toepassing daarvan deur die Gees in ons lewens, waarlik mens word (vgl. Zerfass, 1988:47). Want niemand ken homself tensy ons nie eers God leer ken het nie. Die Heilige Gees openbaar (in die taal van Calvyn, 1956:2) hierdie kennis van God se genade aan ons verstand en verseël dit in ons harte. Binne die gemeente, in onderlinge kommunikasie, vind ons identiteit as gelowige Christene en verbondskinders in die leerprosesse wat daar afspeel. Die omgang met mekaar geskied as vrye subjekte (in 'n subjek-subjek verhouding), op gelyke voet, waarin daar broederlike en susterlike *solidariteit* met mekaar is.

Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie druk dus die totale omgang, verhoudinge, reaksie en optrede in woord en daad tussen gelowiges uit. Die begrip 'kommunikatiewe handelinge' in hierdie paradigma lê klem op 'n vrye, gelykwaardige en op *Verständigung* gerigte optrede in teenstelling tot strategiese en instrumentele handeling wat op mag gerig is en mense misbruik, afhanklik stel, onderdruk en tot konflik en stryd lei. **Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie beteken dat gelowiges hul lewe en optrede deur Skrifbeginsels laat lei**. Dit is egter geen dorre omgang met Skrifbeginsels nie, maar die dinamiese ontmoeting met God (wat op kontinue basis geskied) in die ontmoetingsgestaltes van gebed, die omgang met die Bybel, in die erediens, die pastoraat, die kategese, en oral waar kommunikatiewe handelinge deur en tussen mense geskied" (Pieterse,1993:6&7).

Van der Ven (1994:29) sê: "Practical theology has to interpret the multidimensional

modernization and the multidimensional secularization process of the christian religion in the modern world."

Die gelowige staan in voortdurende veranderde omstandighede in die praktyk en samelewing van die post moderne tyd. Dit vra aanpassing, 'n ander geloofsverstaan en heel moontlik 'n ander pastorale benadering binne die praktiese teologie. Die pastor word daarom baie gereeld genader met die versoek om te help dat die gelowige **verantwoorde lewensbestuursvaardighede** bekom soos wat die Bybel dit uitstippel en die Here van hom vra. Die gelowige is dus in hoë mate aan die eise van die post moderne samelewing blootgestel en dit bring talle probleme na vore wat effektief deur pastoraat aangespreek moet word.

## 1.2 NAVORSINGSPROBLEEM.

Die belangrike kern-vraag in hierdie studie is: Het die kerk deur pastoraat 'n taak teenoor die gelowige in die post moderne samelewing met die oog op die verwerwing van Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede?

Die probleme vir die gelowige word al meer. Probleme in alle gemeentes en in die samelewing het epidemiese afmetings aangeneem. Dit is bevind uit praktiese ondersoeke en werksverslae dat leraars en pastorale beraders dit moeilik vind om by te bly en aan al die "nuwe" probleme aandag te gee en dus aan die sorg vir die gelowige reg te laat geskied. ***Die probleem wat in hierdie studie nagevors moet word is: Hoe kan die pastor die gelowige lei tot nuwe of ander lewensbestuursvaardighede wat voldoen aan die eise van die Skrif en aangepas is by die eise van die post moderne samelewing waarin die kerk en gelowige staan?*** Praktiese teologie moet hieraan indringend aandag gee en die probleem aanspreek deur prakties leiding aan die pastor te gee hoe om die lewensbestuursvaardighede van die gelowige vandag te help verbeter. Die gelowige is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. Hy het dus 'n bepaalde benadering nodig om die talle probleme waarmee hy worstel in perspektief te sien. Hy het ook 'n bepaalde sorg (veral van die kerk se kant) nodig om sy persoonlike geloofslewe in die

praktyk van die lewe te bestuur soos dit die gelowige betaam.

Die veranderde situasie in die kerk en die wêreld van die gelowige, vra na ander maniere om die lewe te benader en te bestuur. Bestuur (management) vind nie net oor ander mense plaas (soos in die werkplek) nie, maar ook oor jouself. Niemand anders kan 'n mens se lewe bestuur (manage) as jy self nie. Praktiese teologie word alleen verstaan vanuit die werklikheid en die praxis van God. Die bydrae van die post moderne interpretasie tot die moderne siening van die werklikheid, gebasseer op die insigte van Habermas, is vir die praktiese teologie van die uiterste belang. Om werklikheidsgetroue teorieë vir die kommunikasie van die evangelie in die konkrete werklikheid van die gemeente se bestaan op te stel, moet die praktiese teoloog kennis hê van wat daar omgaan in mense en in die samelewing (Van Knippenberg,1989:13). Hierdie getoetsde kennis het betrekking op die praxis van kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Praktiese teologie hou hom dus besig met 'n praxis - dit is hierdie kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie deur gelowiges (Christene) onderling en in die samelewing, in die sin van 'n universele solidariteit met almal wat in nood verkeer en pastoraal versorg moet word. Van der Ven tipeer hierdie praxis (kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie) waarmee die praktiese teologie besig is, as 'n hermeneuties-kommunikatiewe praxis (Van der Ven,1990:47). Hierdie hermeneuties-kommunikatiewe praxis vorm die basis vir die wetenskaplike bemoeienis van die praktiese teologie (vgl. Pieterse,1993:18). Die mens staan binne die huidige geloofspraktyk en dit word van hom vereis om sy lewe volgens Skrifbeginsels te bestuur. Wat dus in die vakgebied bestuur (management) bestudeer word, word deur die praktiese teologie oorgeneem vir sover dit geldend is vir die lewe van die gelowige. Dit benut dus die verkryging van lewensbestuursvaardighede vir die pastoraat. Praktiese teologie is 'n woord oor die geloofshandelinge van mense. Persoonlike lewensbestuur is ook deel van die geloofshandelinge van die mens. Dit maak hierdie studie dus belangrik om 'n bydrae te lewer tot pastorale versorging deur klem te lê op die verkryging van Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede.

## 1.3 NAVORSINGSDOEL.

### 1.3.1 Algemene doelstelling.

Dit gaan in hierdie navorsing om die vasstelling van die uitdaging wat vandag aan die pastoraat gestel word met die oog op die verkryging van Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede. 'n Verfynde praktyk-teorie sal nader uitgewerk moet word.

### 1.3.2 Besondere doelstelling.

Om die algemene doelstelling te kan bereik, is dit nodig dat die volgende besondere doelstellings nagestreef word:

1. Die begronding van die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie waardeur die gelowige sy lewe en optrede deur Skrifbeginsels op 'n verantwoordelike wyse bestuur.

2. Die identifisering van Skriftuurlike verantwoorde selfbestuur in die verbondsgemeenskap van die gemeente en in die konteks van die post moderne samelewing.

3. Om die sinvolle bydrae wat die pastor vanuit die pastoraat-narratiewe betrokkenheid by die gelowige kan lewer, te identifiseer en daardie bydrae te versterk en prakties aan te vul.

## 1.4 NAVORSINGSMETODE,

Hierdie studie is gegrond op 'n eko-hermeneutiese benadering. Volgens hierdie benadering kan die gelowige nie geïsoleerd van sy verbondsgemeenskap met die kerk en die samelewing verstaan word nie. Die mens word beïnvloed deur sy omgewing en die omgewing word beïnvloed deur die mens. Die mens word dus verstaan aan die hand van sy funksie en plek in die groter sisteem (Keeney,1979:117).

Volgens Mouton en Marais (1990:199) moet daar eers na die doel van die projek gekyk

word, voordat 'n besluit oor die metode wat gevolg gaan word, geneem word. Die doel van projekte word in drie kategorieë ingedeel, naamlik verkennend, beskrywend en verklarend. Hierdie kategorieë staan nie noodwendig langs mekaar nie, maar kan mekaar ook oorvleuel.

In hierdie studie sal gepoog word om aan die hand van beskikbare literatuur, die milieu van die gelowige in kerk en samelewing na te gaan, om sodoende die belang van pastoraat uit te lig en riglyne daar te stel met die oog op die verwerwing van Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede in die lewe van die gelowige.

Hierdie studie is dus 'n verkennende, beskrywende en verklarende studie. Dit is gegrond op die deurwerk van toepaslike literatuur, om pastores bewus te maak van 'n betekenisvolle en verantwoordelike pastoraat aan die gelowige wat ontoereikend sy eie lewe bestuur in die huidige omstandighede waarin die kerk en die wêreld verkeer.

## 1.5 DIE PLEK VAN PASTORALE SORG AAN DIE GELOWIGE BINNE DIE VAK PRAKTIESE TEOLOGIe.

Teologie is die wetenskaplike bestudering van mense se geloof in God en mense se uitsprake oor God. Teologie is 'n woord oor God. Praktiese teologie bestudeer die geloofshandelinge van mense in die praktyk van die lewe. Praktiese teologie is 'n woord oor die geloofshandelinge van mense. 'n Besondere kenmerk van die praktiese teologie is dat dit die werklikheid waarin die gemeente van die Here bestaan en sy roeping uitvoer, deeglik ondersoek en verstaan.

Praktiese teologie is daardie deel van die teologie wat nadink oor die handelinge van mense wat daarop gerig is dat God in sy Woord by mense uitkom en in mense se lewens gestalte kry. In die praktiese teologie gaan dit oor die geloofshandelinge van die mens. Handelinge rondom die prediking, kategese, erediens en pastorale sorg word bespreek. Die diepgaande kwessies wat in die pastorale situasies aan die orde is, is immers ook ter sprake in die prediking, kategese en liturgie. Wat veral in die pastorale gespreksituasie gebeur, is eintlik net 'n intensifisering en toespitsing van die

bediening. Pastorale sorg is 'n formele kerklike handeling aan gelowiges omdat gelowiges daagliks besig is met geestelike nood, geloofsvrae en talle probleme van ernstige aard. Praktiese teologie help ampsdraers en lidmate sodat hulle geloofshandelinge in die gemeente en in alle ander lewenssituasies die evangelie sinvol sal kommunikeer. As praktiese teologie in diens van die gemeente staan, staan pastorale sorg spesifiek in diens van die gelowige in sy kerklike en samelewingsituasies. Tot en met die wederkoms van Jesus Christus, is dit noodsaaklik dat pastorale sorg gedoen word ten dienste van die gelowige en sy lewe in die geloof. Jonker sê dit gaan "om die openbaring van God in Christus Jesus en deur die Heilige Gees soos dit in die Heilige Skrif betuig word en deur die Woord en Gees van God in die lewens van mense verstaan word en betekenis kry" (1981:41). Dit is die objek van die praktiese teologie. Praktiese teologie is die studie van die handelinge van mense wat daarop ingestel is om gelowiges te help om God te ontmoet en met God en sy medemens in gemeenskap te lewe. Elke wetenskap hou rekening met die praktyk. Ons het huidiglik in die praktiese teologie te doen met 'n breër kyk op die werklikheid en 'n groter ruimte vir 'n meerdimensionele menslike bestaan. Vanuit die ekosisteem-denke kyk ons holisties na die werklikheid (De Jongh van Arkel, 1991). Praktiese teologie is daarom wetenskaplik besig met die praxis, met die ontmoeting tussen God en mens. Hierdie ontmoeting vind in die wêreld plaas. Die geloofshandelinge van die gelowige is nie net tot die kerk beperk nie. Oral, in sy werk, huwelik, gesin en samelewing, handel die gelowige vanuit sy geloof en moet sy lewe verantwoordelik bestuur word. Ook daar word die verlossingsevangelie van Christus verkondig en sorg mense vir mekaar. Die moderne samelewing met al sy vraagstukke kan nie van buite beïnvloed word nie, maar deur die gelowige wat midde in die samelewing staan en dit deur en deur ken. Die gelowige moet daarom sy getuienis in die wêreld bring. "The layman is the linkman with the world" (Jones,1973:77).

So word die gelowiges in Johannes 20:21 gestuur om te dien in die wêreld. Praktiese teologie bestudeer dan die handelinge van die gestuurdes (mense) wat daarop ingestel is om ander mense te help om God te ontmoet en met God en medemens in gemeenskap te lewe. In die praktiese teologie gaan dit om die ***regte optrede***, terwyl die ander teologiese vakke bydra om die ***regte insig*** te verkry. Praktiese teologie is

gerig op die geloofs-praxis van kerk en samelewing. Daarom bestudeer ons die praktyk in soverre dit te maak het met die geloofshandelinge van mense, onder andere deur pastorale sorg en die pastorale gesprek.

In die huidige samelewing is pastorale sorg nie meer net die werk van die pastor nie. Die gemeente (gelowiges) self speel 'n belangrike rol soos Paulus die gemeente met haar verskeidenheid van gawes in 1 Korintiërs 12 beskryf. In vers 25 word beskryf hoe die lede vir mekaar sorg dra benewens die amp van die pastor. In vers 26 word daarop gewys dat as een lid ly, al die lede saam ly. Die amp van die gelowige kom al meer in sinvolle diens van die gemeente en die gemeenskap tot sy reg. Geloof het nou 'n saak van 'n leefwyse in die daaglikse lewe geword. Dit vereis Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede by elke gelowige.

Hierdie studie wil die studieveld beperk tot een enkele handeling naamlik pastorale sorg. Soos wat praktiese teologie vasstel watter teorie ten grondslag lê van die praktyk en moet nagaan of dit doeltreffend is, wil hierdie studie dit doen in die sorgsaamheid van die pastor en die gelowiges onderling. As die teorie nie doeltreffend is nie, moet aanpassings gemaak word en nuwes ontwikkel word. Jesus het sy boodskap gebring in die praktyk. Volgens Johannes 3:21 moes die waarheid gedoen word. Met teorie alleen kan ons nie werk nie. Ons moet deeglik kennis neem van God se handelinge in die verlede en in die hede van gebeure waar God die mens ontmoet. God word nie net op leerstellige wyse geken nie, maar ook deur subjektiewe ervarings. Praktiese teologie gebruik die teorie-praxis-verhouding as metode en werkwyse. Die geloofshandelinge van mense is gegrond in die handelinge van God met die mens in die toekoms, hede en verlede soos beskryf word in die gelykenis van die talente (Matt. 25:14-30). Hier leer ons dat die handelende God mense vertrou en hulle in sy diens neem om namens Hom handelend op te tree. Pastorale sorg is 'n kommunikatiewe handeling. Dit is 'n doelbewuste handeling om in te gryp in die geloofslewe en persoonlike omstandighede van die gelowige met die doel om verandering te bring met die oog op die ideale situasie van die koninkryk van God wat kom. God het in Jesus Christus ingegryp om die loop van die wêreld te verander van die verkeerde na die regte, die volkome en volledige koms van sy koninkryk waarin Hy alles in almal sal

wees. Net so het die apostel Paulus ingegryp in die gemeentelike lewe. Die pastor doen dieselfde, om die lewensomstandighede en worsteling van die mens in sy persoonlike lewe aan te spreek en te verander. Die gemeente self gryp ook in in die samelewing, in haar kommunikasie van die waardes en insigte wat die evangelie aanbied. Hierdie kommunikatiewe handelinge word voltrek in geloofsgebeure soos: Die pastor ontmoet die gelowige om in 'n persoonlike gesprek oor sy lewensprobleme en lewensbestuursprobleme te praat. "Ministry is communication and communitation is ministry" (Abbey,1976:17). Die Heilige Gees is in hierdie ontmoetingsgesprek teenwoordig en omdat Hy daar is, vind daar verandering in mense se lewens plaas. Daar kom bevryding van probleme sodat die gelowige weer op die weg van die koninkryk van God geplaas word en sy lewe sinvol bestuur volgens Skrifgefundeerde beginsels. Die vraag na die sin en doel van die handeling (pastorale gesprek) is 'n verandering tot geloof in Jesus Christus en die realisering en konkretisering van die koninkryksbeloftes in die gelowige se eie persoonlike lewe in kerk en samelewing. Volgens Efesiërs 4:13-15 en 2:13-22 het die koninkryk van God reeds in hierdie wêreld gestalte verkry in die lewens van mense wat in Christus nuut gemaak is. In hierdie koninkryk wat kom, het reeds 'n nuwe mensheid werklikheid geword en in die koninkryk van God heers daar volmaakte kommunikasie met God en met mekaar.

Poimeniek is die vak wat die pastorale werk van die pastor beskryf. Daarin moet die praktiese teoloog altyd daarvan bewus wees dat God die mens geskape het na sy beeld en gelykenis. Die mens is 'n afhanklike selfstandigheid omdat hy in 'n bepaalde verhouding tot God staan (Ps.8:6). Hy is die verteenwoordiger van God op aarde en is verantwoordelik vir die samelewing en die skepping. Daarom is die mens uniek, as 'n “ek” geskape. Hierdie mens is onderweg na die koninkryk van God en om hom van hindernisse te bevry is dit nodig dat die evangelie aan hom bedien word in die erediens sowel as in die vertroulike pastorale gesprek. Hy moet leef uit die goeie boodskap van 'n ewige koninkryksbestemming. Pastorale sorg sien die gelowige altyd as 'n lid in die liggaam van Christus. Ampsdraers is begeleiers (nie leiers) van die gelowige wat soos 'n lid in die liggaam selfstandig is en sy geloofshandelinge in die praktyk uitleef. Die Heilige Gees rus die gelowige hiervoor toe (Efes. 4). Elke gelowige is in Christus bevry en in sy diens gestel om met sy verskeidenheid van gawes mekaar op te bou en te

bedien en te versorg. So deel gelowiges in die interpretasie van die Woord vir hul lewe en hul opdrag in die wêreld. Pastorale sorg kom hier ter sprake as sorg deur amptelike huisbesoek en sorg op die vlak van amptelike of professionele pastoraat.

In die praktiese teologie word empiries metodologies ingegaan op die mens se ervaring van sy omgewing, die inwerking op sy omgewing en die waarneming van sy omgewing waar hy gehandel het om vas te stel of daar verandering gekom het. Probleme wat hier voorkom word as probleme empiries metodologies ondersoek en opgelos. Hierdie studie vra die vraag of die ideaal van pastorale sorg aan die gelowige wat worstel om sy lewe suksesvol te bestuur, tot sy reg kom. Indien nie, is die volgende vraag waarom nie en hoe kan dit in die praktyk verhelp of reggestel word.

## 1.6 BEGRIPSOMSKRYWING.

### 1.6.1 Pastoraat.

Die pastor moet vanuit die Woord van God die gelowige in al sy verhoudinge bedien en van hulp wees om in alledaagse probleme herderlik begelei en versorg te word. Die gelowige staan in 'n gemeenskapsverhouding tot die kerk midde 'n bepaalde samelewing. Om sinvol hieraan te kan beantwoord, is dit nodig om pastoraat te omskryf.

Heitink (1993:256) omskryf pastoraat as volg:

"Het pastoraal handelen in en vanuit de Christelijke gemeente heeft plaats op drie niveaus: onderlinge pastoraat, pastoraat als gemeenteopbouw, pastoraat als hulpverlening. Deze drie zijn complementair. Onder pastoraat als hulpverlening verstaan wij dat een pastor een helpende relatie aangaat met mensen om - in het licht van het evangelie en in verbondenheid met die gemeente van Christus - met hen een weg te zoeken in geloofs- en levensvragen."

Heitink onderskei verder 'n viertal funksies van pastoraat:

"De helende funktie (healing) verbindt pastoraat met verschillende vormen van psychotherapie. De Rogeriaanse wijze van pastorale counseling vindt langs deze weg toepassing. De tweede funktie, bijstaan (sustaining), ziet vooral op vormen van crisis - en verliesverwerking. Het denken in fasen van verwerking, op basis van onderzoek van Kübler-Ross (1974), geniet in dit verband grote bekendheid. De derde funktie, begeleiden (guiding), wil mensen helpen tot verantwoorde beslissingen en keuzen te komen op grond van hun levensovertuiging. Bewustwordings - en leerprocessen spelen hierbij een grote rol en verwijzen naar het emancipatoire karakter van pastoraal handelen. De vierde funktie, aangeduid met het werkwoord verzoenen (reconciling), ziet op het vervreemd zijn van mensen van elkaar, van zichzelf en van God, op verstoorde of gebroke relaties en op conflikten, die een goede menselijke omgang in de weg staan. Niet alleen het harmoniemodel is hier rigtinggevend. Verzoening voltrekt zich in veel gevallen door een konflikt heen."

Louw (1983:102) omskryf die wese van die pastoraat so:

1. "Die vertrekpunt van die pastoraat is geloofshulp. Hiermee word bedoel dat die pastor in die lig van die voltooide Middelaarswerk van Christus profeties die lidmaat wil help om die geloof te integreer of toe te pas in die besondere lewenssituasie.

2. Die gestalte van die pastoraat is lewenshulp. Onder die werking van die Heilige Gees in die hede wil die pastor op priesterlike wyse solidêr wees by die lidmaat en op liefdevolle en empatiese wyse uitdrukking gee aan die agapé liefde van die Skrif.

3. Die fokuspunt en doelgerigtheid van die pastoraat is oorwinningshulp. Die pastor wil die lidmaat se lewe nuut rig op 'n doel waardeur 'n nuwe toekoms, weg of moontlikheid geopen word. Op hierdie wyse word die lidmaat vanuit die vervulde Godbelofte deur die hoop op die toekoms gerig.

4. So 'n sinvolle en doelgerigte bestaan werk deur in die totale bestaan van die

gelowige en bring mee 'n gestremdheid van vreugde asook 'n gesindheid van dankbaarheid en nederigheid."

Dit gaan dus in die pastoraat ten dieptste om beide die verstaan van mense en die verstaan van die evangelie asook die betekenis van God se wil vir mense se spesifieke situasie. Daar word na mense geluister en terselfderdtyd word geluister na, en 'n poging aangewend om te verstaan wat die betekenis van die evangelie vir die spesifieke situasie is. Die raakpunte tussen die mens se verhaal en die Verhaal van God moet ontdek word. Die menslike verhaal kan nooit in isolasie verstaan word nie. Elke mens se verhaal is ingeweef in 'n netwerk van sisteme (Müller, 1991:93). Binne hierdie konteks praat Müller dan ook van eko-hermeneutiese pastoraat waarin die klem val op die kerk se versorgingstaak teenoor mense in hulle konteks. Met 'n eko-hermeneutiese benadering moet mense binne hulle ekosisteme verstaan word om in die lig van hulle eie verhaal en God se Verhaal, vorentoe te beweeg. Müller sê dat in so 'n benadering nie net die verhouding tussen mense nie, maar ook die verhouding tot die omgewing in perspektief kom (Müller,1991:94).

In 'n snel veranderende wêreld, veral wat Suid-Afrika betref, moet die geestelike groei van die gelowige sowel as die kerk en samelewing waarvan hy deel is, in die pastoraat raakgesien en bestudeer word. Die geestelike groei van die gelowige beïnvloed al sy verhoudings. Die gelowige staan in die eerste plek in 'n verhouding tot God. Vanuit hierdie verhouding word alle ander verhoudinge waarin die gelowige staan, beïnvloed. Dit beteken, dat die verhouding tot sy naaste, wat spesifiek in die samevatting van die wet (Matt. 22:37-40) uitgedruk word, ook geraak word. In die alledaagse lewensloop van die gelowige, ondervind hy probleme in sy verhouding tot God en sy naaste want hy is geneig om God en sy naaste te haat.

In plaas daarvan om lief te hê, haat hy vanweë die sondeval in die paradys. Hy ondervind sy sondenood in die moeite, dorings en distels wat die aarde voortbring (Gen. 3:18). Hy worstel om sy lewe reg te bestuur. Pastoraat het met hierdie dinge te doen: Ingewikkelde lewensverhoudinge, die gebrokenheid van die lewe, die sondenood van die mens, die krisis situasies van die gelowige en onvermoë om te leef

volgens die eise wat die Skrif stel vir 'n opregte, heilige en godvresende lewe. Heitink (1977:75) beskryf pastoraat as hulpverlening. Hy omskryf pastoraat soos volg: "Onder pastoraat as hulpverlenig verstaan wij, dat een pastor een helpende relatie aangaat met mensen om in het licht van het evangelie en in verbondenheid met die gemeente van Christus - met her een weg te zoeken in geloofs- en lewensvragen."

'n Ware hermeneutiese pastorale proses is die oogmerk van die pastoraat. Gerkin (1984:45) stel dit só: "Care and empathy are therefore shown to be reciprocal human activities in which the subjective limits of carer and one cared for are made vulnerable. Care involves the opening of the horizon of our understanding to admit the intrusion of the world of the other in the hope and expectation that something truly new may be shared in the encounter ...."

Hieruit is dit baie duidelik dat die pastorale berader werklik die een is wat die gelowige in tye van krisis en nood bystaan. Pastorale betrokkenheid is die verstaan van en inleef in die besondere lewenssituasie van die mens en in die krisisse wat die gelowige beleef. Die pastor reik dus in die naam van die Here 'n helpende hand uit na die gelowige in sy oomblik van krisis (Botha,1980:5,6). Die feit dat die pastor die gelowige in 'n krisis of probleem situasie bystaan, beteken dat hy noodwendig sal weet wat om te doen, hoe om dit te doen en waarheen hy met sy pastoraat op pad is. Pastoraat help die gelowige om die lewe in alle verhoudinge sinvol te ervaar. Egan (1990:5) sê: "Helpers are effective to the degree that their clients, through client-helper interactions, are in a better position to manage their problem situations and/or develop the unused resources and opportunities of their lives more effectively." Pastoraat kan dus ook beskryf word as die soeke na verantwoorde lewensbestuursvaardighede wat vir die gelowige sinvol is.

#### 1.6.1.1 Die fundering van die pastoraat.

In die kommunikasie van die evangelie in ons tyd (na die hemelvaart van Christus) werk die Gees só dat Hy aan mense (ampsdraers) die bevoegdheid en die toerusting gee om as selfstandige, redelike en vrye mense God in sy kom na die mens in sy

wêreld te dien. Pieterse (1993:107) sê: "Deur die teonome resiprositeit as aard van die Gees se werk, is die kommunikatief-handelende mens 'n kreatiewe deelnemer en medewerker aan die praxis van God. Daar is 'n parallel aan te wys, volgens Firet, tussen die wyse waarop God die mens in sy openbaring ingeskakel het en die wyse waarop mense vandag ingeskakel word in die koms van God tot die mens deur kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Hierdie handelinge is dus die werksaamheid van die Heilige Gees waarin mense as medewerkers in diens geneem en meegeneem word, teologies gestempel."

In die handelingswetenskaplike benadering van die praktiese teologie word in die pastoraat nie meer veral op die kerklike diakonia, die aandag gevestig nie, maar meer in besonder op die koninkryksperspektief in die samelewing. Die kerk in ekumeniese sin, word as deel van die samelewing gesien. Wat ondersoek word is die konkrete praktyk en die konteks van die samelewing waarin die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie geskied. Deur 'n meer holistiese siening van die werklikheid vanuit 'n koninkryksperspektief kan Woord en werklikheid saam gesien word. Höfte (1990:88) beskryf die objek as 'n verbreding "van kerkelijk handelen naar menselijk handelen in het licht van het evangelie." Firet (1979:339) omskryf die objek as die handelinge van mense wat in hul pastorale optrede intermediêr is aan die kom van God in sy Woord na die mens in sy wêreld. In sy "Het agogish moment in het pastoraal optrede" (Firet,1974), verbreed hy die objek van die vak: "Ik ben nu geneigd de praxis, waarmee de praktische theologie zich heeft bezig te houden minder exclusief te zien als de praxis van het kerkelijk functioneren en het pastoraal optreden. Dit hangt niet samen met een mindere waardering van de kerk, maar met een helderder inzicht in de mogelijkheid en de werkelijkheid van het komen van God langs andere wegen dan die van kerkelijke instituties." Pastoraat is 'n sorgsame handeling in diens van die Heilige Gees en die evangelie van bevryding in Jesus Christus. Dit is nie nodig dat die gelowige onnodig (dit wil sê sonder pastorale sorg) worstel nie. Sy probleme kan sy visie op die koninkryk van God sodanig vertroebel dat hy die verdwaalde skaap van die gelykenis is wat deur pastorale sorg gevind moet word (Luk. 15:4). Jesus sê: "Ek sê vir julle: net so sal daar ook in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer, eerder as oor nege en negentig mense wat reg doen en nie bekering nodig het nie"

(Luk. 15:7).

Pastoraat het 'n probleem-geörienteerde benadering omdat dit 'n helpende hand wil uitreik tot die afgedwaalde en alleen-worstelende mens. Pastoraat is hulp aan die gelowige totdat die wederkoms plaasvind. "En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus" (Efes. 4:11-13). Pastoraat staan in diens van die evangelie as 'n geloofshandeling in die praktyk omdat dit moet help dat die post moderne gelowige sy lewe behoorlik bestuur. "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Tim. 3:16-17). Pastoraat dien die Skrif in hulpverlening aan die gelowige wat sy lewe nie doeltreffend bestuur nie. Dit is ook die taak van pastorale sorg om hom volkome toe te rus vir elke goeie werk aangesien dit as kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie staan om die kommunikasie tussen God en mens, en mens en mens in die geloofspraktyk te laat gebeur. Deur middel van die pastorale optrede van mense (pastorale sorg en die pastorale gesprek) spreek God self deur sy Woord en Gees tot die gelowige in sy aardse stryd. In die pastoraat word deelgeneem en meegewerk aan die praxis van die handelende God in die lewe van die gelowige. Die pastor moet daarom weet wat om te doen, hoe om dit te doen en bepaal waarmee hy besig is in diens van die evangelie. Pastorale betrokkenheid moet die besondere lewenssituasies van die gelowige verstaan, daarby inleef en dit deur pastorale sorg en die pastorale gesprek aanspreek.

### 1.6.1.2 Die doel van pastoraat.

"The recovery in our time, of the bias of the gospel to the materially poor is a momentous theological and pastoral event, a profound challenge. It informs the perspective of this document" (Cochrane et al.,1991:61). Die pastoraal-hermeneutiese ondersoek verloop in vyf fases: Induksie (sosiale analise van die

sosiale konteks van die kerklike bediening), ekklesiologiese analise, teologiese refleksie, geestelike vorming en kontekstuele pastorale praktyk en beplanning. Holland en Henriot (1984:14) definieer sosiale analise soos volg: "Social analysis can be defined as the effort to obtain a more complete picture of a social situation by exploring its historical and structural relationships. Social analysis serves as a tool that permits us to grasp the reality with which we are dealing."

In die ekklesiologiese of kerklike analise word die strukture, die etos en die praxis van die kerk geanaliseer omdat die kerk 'n geïntegreerde deel van die samelewing is. In die teologiese refleksie is die Bybel normatief vir sover dit die oorspronklike getuienis lewer omtrent God se heilshandelinge in die geskiedenis van Israel en Jesus, soos dit deur die geloofsgemeenskappe van destyds verstaan en oorgelewer is. In die geestelike vorming moet 'n spiritualiteit aangekweek word. "Christian spirituality is about keeping that 'hope against hope' alive. A hope which recognizes that while the coming of the Kingdom is ultimately in God's hands, the Christian community is called to live and act as the agents and instruments of its coming here and now" (Cochraine et al.1991:82). In die laaste fase van die ondersoekproses van die kontekstuele benadering word die strategie vir aksie en die pastorale praxis beplan. Dit moet 'n kontekstuele pastorale praxis wees waarin Christelike basisgemeenskappe ontwikkel moet word. Volgens Cochraine is die doel van hierdie basisgemeenskappe die hernuwing en herstrukturering van die geloofslewe en die sosiale lewe (Cochraine et al., 1991:90).

Die huidige samelewing moet verstaan en geken word, sodat pastores op profetiese wyse geloofshulp kan verleen; op priesterlike wyse lewenshulp; en op koninklike wyse, oorwinningshulp. In pastoraat wil die pastor sodanig hulp verleen dat die lidmaat se lewe nuut gerig word op die koninkryksdoel. Hy moet uit sy worstelinge bevry word deur pastorale sorg in diens van die bevrydingsevangelie van Jesus Christus. Hy moet deur pastoraat hulp ontvang om sy eie lewe op verantwoordelike wyse te bestuur, op grondslag van die geopenbaarde wil van God. Pastoraat is praktiese teologie in aksie. In 1 Petrus 5:8-10 lees ons: "Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander,

die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is. En mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus, nadat ons 'n kort tyd gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves!" Pastoraat is hulpverlening aan die gelowige in die praktyk van kerk en samelewing waarin hy staan. Cochraine beskryf die probleme van ons tyd as pastorale gebeure wat groot uitdagings aan die pastoraat bied. So is die persoonlike lewensbestuursvaardighede van die moderne mens dikwels vir hom 'n probleem. 'n Nuwe leefwyse in die post moderne samelewing, vra na aangepaste lewensbestuursvaardighede. Dit word in die pastoraat aangespreek sodat die gelowige kan leef uit die goeie boodskap van sy ewige koninkryksbestemming.

### 1.6.2 Pastoraat is deel van die pastorale teologie.

Die Bybel ondersteun die konsep van die pastorale teologie en dit word meermale in die lektuur rondom praktiese teologie, so genoem. Pastorale teologie vorm deel van die praktiese teologie omdat dit 'n teologiese handelingswetenskap is. N. Mette en H. Steinkamp in hul werk: Sozialwissenshaften und Praktiese Theologie, (Düsseldorf,1983) sê: "die praktische theologie sei als theologische Handlungswissenshaft innerhalb einer als praktische wissenschaft begriffen Theologie zu konzipieren."

Praktiese teologie as 'n handelingswetenskap beteken dat ons praat van 'n teologiese wetenskap en 'n handelingswetenskap. As teologiese wetenskap is praktiese teologie omvat in teologie as 'n geheel. As handelingswetenskap het dit te doen met die geesteswetenskappe. Die metodologie van die praktiese teologie het ontwikkel vanuit die sosiale wetenskappe en nie vanuit die ekklesiologiese wetenskappe nie. In praktiese teologie as 'n teologiese vak, is die oogmerk om te verseker dat handelings-situasies, waaronder pastorale sorg en die pastorale gesprek, sinvol plaasvind. Pastorale sorg en die pastorale gesprek is as sulks kommunikatiewe handelinge. Pastores vervul hierdie sorg aan die gelowige in diens van die evangelie. Die gelowige staan midde in sy kerk en sy samelewing en ondervind meermale die behoefte aan

pastorale sorg. In die tyd waarin die gelowige vandag leef, is daar talle probleme wat die perspektief op die komende koninkryk kan versper. Dit bring mee dat deur middel van persoonlike konsultasie (pastorale gesprek) die pastor en die gelowige aandag kan gee aan die probleme. Deur pastoraat kan die evangelie aan die individuele gelowige bedien word op persoonlike vlak. Die pastorale gesprek is noodsaaklik omdat baie probleme nie in die openbaar of in die teenwoordigheid van ander gehanteer kan word nie. 'n Ernstige huweliksprobleem kan alleen tussen die pastor en die huweliksmaats in 'n private en persoonlike pastorale gesprek aangespreek word. Pastoraat sien die gelowige in sy kerklike en samelewingskonteks, en vanuit die evangelie waar God die mens wil ontmoet.

Pastoraat (en veral die pastorale gesprek) is 'n ontmoeting tussen die pastor en die gelowige, onder leiding van die Heilige Gees in diens van die evangelie van Jesus Christus wat bevry. Die mens (gelowige) wat in die praktyk van die lewe meermale vasgevang word in 'n probleem of krisissituasie, moet op pastorale wyse versorg word. Pastoraat moet help om die gelowige in 'n beter posisie te plaas om sy probleem situasies te hanteer en op te los. Sou hy nie oor die nodige vaardighede beskik om sy eie lewe volgens die eise van die moderne samelewing suksesvol te bestuur nie, moet pastoraat daartoe hulp verleen. Pastoraat dra daartoe by dat die gelowige die lewe in al sy verhoudinge sinvol ervaar. God ontmoet die mens in die praktyk van die lewe waarin die probleme en die krisisse voorkom. In die naam van die Here word 'n helpende hand deur die pastor uitgesteek na die gelowige in pastoraat. Hierdie studie wil vasstel of die sorg aan die worstelende gelowige tot sy reg kom en indien nie, hoe dit in die praktyk reggestel moet word. Die post-moderne wêreld het so vinnig en sodanig verander dat die toekoms wat vir baie mense tot onlangs nog bestaan het, iets van die verlede is. "Reality is not what it used to be" (Vos,1995:214).

### 1.6.3 Die pastor.

Alhoewel die gelowige in kerk en samelewing wyd uiteenlopende probleme en krisisse ondervind, is dit nodig dat die pastor die gelowige in die praktyk sien as deel van 'n groter sisteem. Pastorale sorg vind plaas teen 'n breë agtergrond van omstandighede

en belewenisse. Die oog van die pastor moet die moderne samelewing in breë konteks waarneem en ken. Geen krisis of probleem kan geïsoleerd benader of behandel word nie. "Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie moet dus ook binne 'n konteks verstaan word. Dit is die konteks van die samelewing waarin die gemeente konkreet bestaan en funksioneer. Al is die christelik-kommunikatiewe handelinge 'n eksistensieële proses waarin transendente waardes verteenwoordig is in die ontmoetingsgebeure tussen God en mens, en mens en mens, geskied dit binne die kragteveld van die samelewing met alle invloede na beide kante wat daar aan die werk is. Kommunikatiewe handelinge waarvan die wese kommunikatief is, is ook *intensioneel,* waarin die christelike geloof as motivering dien. Dus sal hierdie handelinge uitgaan van 'n beginsel wat alle kommunikasie voorafgaan, naamlik 'n ideale, onverstoorde kommunikasie" (Pieterse,1993:8). Die pastor staan in diens van die evangelie. Sy hantering van 'n probleem is 'n kommunikatiewe interaksie met iemand wat in 'n krisis verkeer of probleme ondervind. Die pastorale gesprek is 'n amptelike gesprek en kan alleen sinvol plaasvind teen 'n breë agtergrondskennis van die huidige samelewingsproblematiek en werklikheidsgebeure. Suid-Afrika is tans besig met transformasie en demokratisering. Lewensstyle van vroeër is besig om te verander. Wat vroeër gegeld het, is nou nie meer van toepassing nie. Dit bring onsekerheid en onsekerheid bring twyfel en ongelukkigheid. Weerstand teen verandering verdiep die gevoel van moedeloosheid en onvermoë. Die vraag na die sin van die lewe in die huidige bestel word dringend op die agenda geplaas. Die toekoms het duister geword. Die toekoms wat vir baie mense tot onlangs nog bestaan het, is iets van die verlede! Die mens moet opnuut vir hom 'n ander samelewingstoekoms beplan en steeds sy lewe bestuur met die oog op die naderende koninkryk van God.

Die pastor wat op professionele wyse hulp verleen, moet weet wat om in hierdie verwarrende tyd te doen. Daarvoor gebruik hy in die eerste plek die evangelie van bevryding en troos en versekering. Hy gebruik ook ander wetenskaplike dissiplines tot ondersteuning van sy pastorale sorg. Die vraag wat in hierdie studie prakties aangespreek word, is hoe kan die pastor hulp verleen aan die gelowige om hom te lei tot nuwe en ander lewensbestuursvaardighede sodat dit aanpas en inpas by die veranderde lewensomstandighede in kerk en samelewing.

### 1.6.4 Die gelowige in kerk en samelewing.

In praktiese teologie word kerk en samelewing as 'n handelingsveld onderskei. Vantevore was praktiese teologie sterk binne-kerklik gerig en is min aandag gegee aan die samelewing. Berkhof (1973:429) noem die derde aspek van kerk wees, die gerigtheid op die wêreld. Die Wêreldraad van Kerke het ontstaan om die kerk in die wêreld te laat geld. In ons huidige tydsgewrig is daar min korresponderende faktore tussen kerk en wêreld. Daar word eenvoudig nie meer van staatskerk of volkskerk gepraat nie. Begrippe soos interkerklike of ekumeniese kerk kom na vore. Die klem het verskuif vanaf die kerk na die gelowige in die samelewing. Die rol wat die christelike gelowige in die georganiseerde samelewing speel, verteenwoordig wat van 'n volgeling van Christus verwag word. Die Christelike kerk word nie meer eksplisiet vermeld nie, maar speel implisiet sy rol in die verteenwoordiging van die gelowige in die samelewing. Daar is dan sprake van 'n "publieke kerk" en 'n "civil religion" in die V.S.A.

'n Nuwe benadering word benodig tot die gelowige in 'n andersoortige siening van die kerk en in die snel veranderende samelewing. Hierdie studie sal 'n bydrae probeer lewer om die huidige siening oor die gelowige in kerk en samelewing duidelik te stel.

### 1.6.5 Verantwoorde lewensbestuursvaardighede.

#### 1.6.5.1 In die stel van ideale lewensdoelwitte.

Die gelowige leef in die wêreld, maar is nie van die wêreld nie. Hy leef ook in die kerk. Die kerk van Christus is die vergadering en die gemeenskap van diegene wat deur die Gees van Christus en sy Woord, sodanig uit die wêreld in Hom vergader en verenig is, dat hulle een liggaam is en ook lede van mekaar. Elke gelowige lidmaat het sy eie amp en taak tot opbou van die hele liggaam en al sy lede. Die gelowige het 'n bepaalde roeping in kerk en wêreld. (Sien: Efesiërs 4:1-6; 1 Korintiërs 12:12-13; Romeine 12:4-6; 1 Korintiërs 12:18-27; Efesiërs 4:15-16; Handelinge 4:32-35; 2 Korintiërs 8:1-5; 2 Korintiërs 3:15 en 1 Tessalonisense. 3:11-13).



b1437416x
i 14663880

Hieruit is dit baie duidelik wat die Christelike kerk is en hoe die kerk as gemeenskap saamgestel is. Daarom is die kerk daarop ingestel dat die gelowiges en alle uitverkorenes tot Christus gebring word en in Hom sodanig opgebou word, dat hulle aan geen liggaamlike of geestelike goedere ontbreek nie. Trouens hulle moet juis aangespoor, gehelp, versorg en gelei word tot die volkome saligheid na liggaam en siel.

**Die gelowige is daarom verplig om ander doelwitte vir sy lewe te stel.** Die opdrag van Jesus aan die gelowiges is: "Maar soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid ..." (Matt. 6:33). Die gelowige moet as "sout van die aarde" en as "lig van die wêreld" (Matt. 5:13-16) sy bepaalde roeping uitleef, sy lewe reg en verantwoordelik bestuur en 'n God welbehaaglike lewe lei. Om dit te kan doen is spesifieke en doelbewuste lewensbestuursvaardighede nodig.

Die Pastorale Counseling - Beweging of Kliniese Pastorale Vorming het aan dié aspek veral aandag verleen. Pastorale begeleiding wil bydra tot verantwoorde beslissings en keuses, gegrond op bepaalde lewensoortuigings (Heitink,1993:256). Die klem val op die normatiewe van mens wees.

Die gelowige stel sy lewensdoelwitte vas uit die Woord van God ooreenkomstig sy roeping. Psalm 119:33 sê: "Here, leer my die weg van U insettinge, sodat ek dit tot die einde toe kan bewaar." Die samevatting van die Wet van God, nl. liefde tot God en liefde tot die naaste, met die oog gerig op die koninkryk wat gesoek moet word, is 'n kort samevatting van die doelstellings van die gelowige en sy lewe. Om daardie (en ook ander) doelstellings te bereik, is dit nodig dat die gelowige Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede moet bekom. Die sondegebrokenheid van die lewe, veroorsaak dat die mens nie sonder meer oor die regte lewensbestuursvaardighede beskik nie. Pastorale sorg is dus nodig om probleme aan te spreek en struikelblokke uit die weg te ruim. Pastoraat gee spesifiek aan hierdie sake aandag en laat die lig van die evangelie van bevryding oor die lewe van die gelowige val.

Doelwitte moet baie duidelik geformuleer wees voordat enige suksesse bereik kan word. Goeie bestuursvaardighede kan ook net verkry word deur behoorlike insig.

Pieterse (1993:5) sê: "God kom tot mense in hul wêreld in sy Woord deur die intermediêre, die bemiddelende pastorale optrede van mense wat deur die Gees ingeskakel word in sy werk. Die pastorale optrede van mense is 'n vertolkende diens wat intermediêr instaan tussen die sprekende Heer in die gewaad van die Skrif en die deelnemers aan die gesprek. God spreek in ons midde deur die vertolking van die Skrifwoorde deurdat Hy die vertolkers in diens neem. So kom ons in die kragveld van die Gees te staan." Vir elke gelowige, is die stel van ideale Skrifgefundeerde doelwitte uiters noodsaaklik. Die gelowige se lewe moet gerig word op die koninkryksdoel. Praktiese teologie het te make met die regte optrede van die gelowige om sy doel te bereik.

#### 1.6.5.2 In die afleer van gekondisioneerde lewensstyle en die aanleer van nuwes wat werk.

Meeste mense het in hulle gewoontes en selfs probleme ingegroei. Aangeleerde lewensgewoontes en lewensstyle kan soms tot groot probleme lei. Vir die gelowige, wat worstel met probleme en 'n gebrek aan lewensbestuursvaardighede het, is die eerste doelstelling om uit gekondisioneerde gewoontes en praktyke uit te groei. **Pastoraat verleen hulp om begronde doelstellings weer duidelik raak te sien, van gewoontes wat nie werk nie af te sien en nuwes, wat werk en met die eise van die Skrif ooreenstem, aan te leer**. Wat is dit anders as grondige bekering? Om die persoonlike lewe sodanig te bestuur dat dit God behaag, is die vernaamste doel van die gelowige se lewe. Indien 'n gelowige huweliksprobleme ondervind, word in die pastorale gesprek aandag gegee aan ander en beter vaardighede om sy huwelikslewe suksesvol te bestuur. Hebreërs 10:35-38 sê: "Werp dan julle vrymoedigheid wat 'n groot beloning het, nie weg nie. Want nog 'n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie. Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie."

Om 'n suksesvolle lewe voor God te lei, is dit nodig om jou lewe reg te bestuur. Pastoraat is die instrument om die doelsteller te help met toepaslike lewensbestuursvaardighede om sy doelstellings te bereik en 'n sinvolle geloofslewe te

lei. Om sinvolle doelstellings te kan bereik is 'n positiewe gesindheid nodig. Op die doelstellings moet gefokus word en steurnisse uitgeskakel word. Die vaardigheid om probleme die hoof te bied en op te los, is reeds 'n verlengstuk van persoonlike lewensbestuursvaardigheid. Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie, beteken dat gelowiges hulle lewe en hulle optrede deur Skrifbeginsels laat lei. 'n Dinamiese ontmoeting met God vind plaas in die ontmoetingsgestaltes van die erediens, gebed, pastoraat, die pastorale gesprek en oral waar kommunikatiewe handelinge deur en tussen mense geskied. Gelowiges moet die lewenswerklikheid en hul konkrete situasie ken en verstaan om sinvol en effektief hierdie handelinge binne en buite die kerk uit te voer. Een van die take van praktiese teologie as teologiese wetenskap is dus juis om die gemeente te dien met die nodige kennis van die werklikheid van die eie tyd. Kommunikatiewe handelinge is intensioneel. Die Christelike geloof dien as motivering daarvan. Bäumler (1974) verstaan die koninkryk van God as ryk van heil waarin vrede, geregtigheid en vryheid heers as die teologiese siening van onverstoorde kommunikasie tussen mense. Doelgerigte handeling vanuit hierdie perspektief geskied binne die eskatologiese realiteit, nie as eindtyd gesien nie, maar as realiteit in die hede vanweë die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Dit is nodig om te besef dat die huidige werklikheid van Christene se geloofsverstaan en geloofshandelinge empiries-wetenskaplik vasgestel moet word. Die identiteitskriterium van die praktiese teologie is die sistematiese aandag aan kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie (Firet, 1990:612).

In die afleer van gekondisioneerde lewensstyle en die aanleer van nuwes, wat werk, sal die pastor die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie reg moet verstaan. Die Heilige Gees werk wel deur mense, maar God spreek self na sy welbehae. Die woorde van mense (ook in die pastorale gesprek) is altyd diensbaar aan die Woord van God. Omdat God self spreek deur sy Woord en Gees, is daar ontmoetingsgebeure tussen God en ons. Die gelowige kan dan só sy lewensdoelwitte weer reg sien en sy bestuursvaardighede om 'n God welbehaaglike lewe te lei, toets aan wat God in sy ontmoeting met die gelowige deur sy Woord sê. Gelowiges laat hulle lewens en optrede deur Skrifbeginsels lei. 'n Besondere kenmerk van die praktiese teologie is dat ons die werklikheid waarin die gemeente van die Here bestaan

en sy roeping uitvoer, moet ondersoek en verstaan (vgl. Zulehner, 1989).

'n Praktiese teologie wat digby die werklikheid teoretiseer, kan die evangelie veel relevanter daarin vertolk met die oog op die hoor van God se Woord in ons eie situasie. So 'n vertolking kan die groot doel van die bediening van God se Woord beter dien, naamlik die verandering van mense se lewens en hul leefwêreld tot die beeld en die ideaal van God se komende koninkryk (vgl. Pieterse,1993:19). Geloofskennis skenk 'n ander kyk op die werklikheid en lei ons tot verwerkliking van die evangelie wat daar in Jesus Christus vir ons opgesluit is (vgl. H Jonker, 1983:107,113-17). Omdat die Heilige Gees teenwoordig is, lei pastoraat die gelowige tot verandering. Verandering wat nodig is om met die oog op die koninkryk die persoonlike lewe reg te bestuur. Praktiese teologie handel juis oor die regte optrede van die mens in sy lewe. Effektiewe probleemhanteringsgedrag word aangeleer.

Heitink (1993:115) sê: "Zo kan men met Firet de eenheid van het hermeneutiesch en het agogiese moment in die praktische theologie benadrukken: 'het woord heeft in zich de kracht tot verheldering, waardoor het tot verstaan komt, en die kracth tot beïnvloeding, waardoor het tot verandering komt" .

**1.6.5.3 In ekonomiese tydsbestuur en goeie kommunikasie.**

Wanneer die gelowige sy doelstellings duidelik formuleer en sien, ook die onwerkbare handelswyses afleer en nuwes wat werk met die oog op die koninkryk aanleer, is daar nog twee aspekte van uiterste belang. Die gelowige moet sy lewensideale elke oomblik in fokus hê. Die lewe bestaan uit tyd. Die mens se hele lewe is daarom elke oomblik gekoppel aan tyd. Om tyd te mors deur nie die eie lewe suksesvol te bestuur nie, beteken dat die lewensdoel nie bereik kan word nie. As gelowiges is ons geroep om elke dag van ons lewe tot eer van die Here te lewe. Petrus waarsku dan ook: "Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind" (1 Petr. 5:8). **Behoorlike tydsbestuur beteken om jouself en jou lewe reg te bestuur.** Die regte benutting van tyd hou jou op koers en laat jou beweeg in die rigting van jou doelwitte. Ekonomiese tydsbestuur is reeds 'n

bewys daarvan dat jy jou lewe goed beheer en verantwoordelik bestuur. Dit laat die moontlikheid van keuse. Jy kan kies wat belangrik is om jou doel te bereik en nalaat wat jou aandag aftrek van jou doelwitte. Markus 1:15 sê: "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie." Markus 13:33 sê: "Pasop, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie." Goeie tydsbestuur bevorder goeie werkverrigting en dit is noodsaaklik vir beter en verantwoorde lewensbestuur. As die werklike prioriteite in die lewe verstaan word en die doelstellings is duidelik, kan tyd reg aangewend word en die gelowige sy lewe reg bestuur. Die tyd wat gespandeer word en die lewe wat gelei word, moet ooreenstem met die doel wat gestel is. Probleme en struikelblokke in die lewe van die gelowige, beteken noodwendig dat tyd vermors word. Deur die pastorale gesprek word die probleme aangespreek en uitgeskakel, sodat 'n ganse lewe nie uiteindelik verlore gaan nie. Pastorale sorg en die pastorale gesprek is die beoefening van 'n wetenskap om ook persoonlike lewensbestuursvaardighede te bekom in die lewens van die gelowiges.

God het die mens geskape met die vermoë om te praat. Taal en kommunikasie is nodig om die mens tot uitdrukking te laat kom. Om te praat beteken om te dink en te formuleer. Kommunikasie is 'n goeie medium om die regte en waardige en sinvolle dinge alleen tot uitdrukking te laat kom en onbenullige en skadelike dinge nie eers uit te spreek nie. Om te kommunikeer is om te dink. Om waarde aan ons woorde te verleen, is dit nodig om ons gedagtes en idees te sif. Om te kommunikeer is 'n verhelderingsproses en dit is 'n baie sterk motivering dat die pastorale gesprek inderdaad onontbeerlik is in pastorale sorg aan gelowiges.

Die pastorale gesprek het te doen met verbindings, patrone en metafore. Deur 'n verhaal te verbeeld in woorde, word nuwe relevansie ontdek wat verandering bewerk. Sodoende word terapie die proses van die uitbreiding en verbreding van betekenis. Deur nuwe verbindings te lê, word dit wat tot dusver ongesê gebly het, as nuwe realiteite na vore geroep. Deur nuwe verbande te lê met matafore en verbeelding, word dit wat nog nie gesê is nie en daarom gedreig het om in die vergetelheid te versink, na vore gebring en word dit 'n krag tot verandering. Ten diepste moet die relevansie

tussen die negatiewe van die verlede en die positiewe van die toekoms herontdek word (Müller, 1996:139). Daarom is kommunikasie 'n verhelderingsproses. Pastorale sorg sonder die pastorale gesprek is net nie moontlik nie. Die Woord en die woord het die krag tot verheldering, waardeur tot verstaan kom. Die Woord en die woord het die krag tot beïnvloeding, waardeur tot verandering kom. Die resultaat is dan dat die regte lewensbestuursvaardighede bekom word. Dan het die pastorale gesprek geslaag in sy doel. Hierdie studie wil dit juis aantoon en beklemtoon en implimenteer met die oog op ***verstaan en verandering*** sodat verantwoorde lewensbestuursvaardighede aangeleer kan word.

Die pastorale gesprek bring die werklike probleme na vore. Dit sê waar lewensbestuursvaardighede kortkom. Onderdrukte gevoelens verkry 'n uitlaatklep, onduidelikhede word verhelder en vir probleme word na dringende oplossings gesoek. Kommunikasie is terapeuties van aard en help om doelwitte weer duidelik raak te sien en struikelblokke op die pad van die koninkryk weg te werk of uit te skakel. Die Woord van God spoor ons aan om te kommunikeer. Spreuke 28:13 sê: "Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind." Die pastorale gesprek dra daartoe by dat kragtige lewensbestuursvaardighede bekom word, deur in goeie kommunikasie (d.w.s die pastorale gesprek en 'n narratiewe kyk na die werklikheid) ontslae te raak van giftige gevoelens, opgekropte emosies en sondige probleme. 1 Johannes 1:8-9 sê: "As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. As ons die sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reining."

Praktiese teologie is nie bloot 'n toepassingsteorie nie en nie bloot 'n tegniek nie. 'n Denkraamwerk word gevorm deur kontekstuele ervaringe wat 'n narratiewe vorm aanneem. Die begrip narratiewe as beskrywing van die studieveld van die praktiese teologie, kan bydra tot 'n meer uitgebreide verstaan van die konsep kommunikatiewe handelinge. Müller (1996:4) sê: "Wanneer kommunikatiewe handelinge in die praktiese teologie bestudeer word, maar met 'n definitiewe en doelgerigte narratiewe perspektief, is die benadering veel meer inklusief en verwys dit na die totale ekosisteem waarbinne

die kommunikasieproses verloop." Gerkin (1986:54) sê: "Narrative practical theology is, therefore, an ongoing ***hermeneutical*** process within the immediate storied context of ministry. The intention of that process is the transformation of the human story, both individual and corporate, in ways that open the future of that story to creative possibilities."

Ekonomiese tydsbestuur en goeie kommunikasie dra by tot die vind van verantwoordelike lewensbestuursvaardighede in die lewe van die gelowige. In die praktiese teologie word juis gesoek na die korrekte optrede van die mens in sy geloofshandelinge en geloofsgebeure.

### 1.6.5.4 In verbeterde besluitneming en effektiewe probleemoplossing.

Om die regte besluite in die lewe te kan neem en om probleme effektief op te los, is daar vaardighede wat 'n mens moet aanleer om sy lewe reg en sinvol te kan bestuur. Die verkeerde besluit van die eerste mense in die paradys, het die ganse menslike geslag in die ellende van die dood gedompel. Die mens het daarom die vermoë om elke keer reg te besluit, verloor. Sinvolle besluitneming moet dus in die lewe van die mens aangeleer en ontwikkel word. Die mens het die vryheid van keuse. Hy is 'n afhanklike selfstandige mens in sy verhouding tot God (Ps. 8). Die besluit van koning Dawid om owerspel met Batseba te pleeg, bring die profeet Natan daartoe om vir die koning te sê: **"U is die man!"** (2 Sam. 12:7). God kom ontmoet die mens in die praktyk van sy lewe. Die handelende God kom praat met die mens in sy geloofsgebeure. Die optrede van die profeet is 'n doelbewuste handeling om in te gryp in die lewe van die koning, met die doel om verandering te bring met die oog op die ideale situasie van die koninkryk van God wat kom. So het God in Jesus Christus ook ingegryp in die loop van die wêreld om verandering te bring van die verkeerde, na die regte, die volkome en volledige koms van sy koninkryk waar Hy alles in almal sal wees en waar die sonde nie meer sal heers nie.

In hierdie studie gaan dit hoofsaaklik om die kommunikasie van die evanglie in verskillende situasies met verskillende handelinge. Pastoraat wil bydra tot verbeterde

besluitneming en die uitoefening van die regte keuses om Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede te bekom.

Dit kan verwag word, dat goeie besluitneming bydra tot effektiewe probleemoplossing. Dit is onopgeloste probleme en struikelblokke wat nie deur die pastoraat aangespreek word nie, wat in die weg mag staan om die ware doel van die lewe te bereik. **Besluitneming is 'n sigbare manifestasie van die innerlike kwaliteit van selfbestuur.** Gewoontes en gesindhede moet noodwendig verander word, voordat effektiewe besluite geneem kan word. Goeie besluitneming hou verband met 'n doelgerigte voorneme om op sinvolle wyse die lewensdoelstellings te bereik. Met sterk innerlike waardes, het die mens beter kriteria waarteen alternatiewe besluite opgeweeg kan word. Psalm 1:1-2 sê: "Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die wet van die Here, en hy oordink sy wet dag en nag."

Verkeerde besluite voorspel en waarborg mislukking. Die lewensdoel word gemis en die mens word die verlore skaap wat herderlik opgesoek en versorg en teruggebring moet word. Dit is die handeling wat pastores in die naam van die Here uitvoer om aan die verlore en verdwaalde die ware sin van die lewe te help verstaan. Pastoraat dra daartoe by dat die gelowige gehelp word om 'n vol lewe te lewe en sy lewe te bestuur soos God dit van hom verwag. Persoonlike volwassenheid word bereik; "totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedrywe word deur elke van lering nie" (Efesiërs 4:13-14).

Só vind in die pastorale gesprek en 'n narratiewe kyk op die werklikheid (of verhalende benadering, vgl. Müller, 1996:15) dan die ontmoetingsgebeure in die lewe van die gelowige plaas en kom God na die mens in sy Woord. Die pastorale handeling is intermediêr. 'n Sorgende gemeenskapslewe (koinonia) ontstaan waarin mense mekaar op die lewenspad ondersteun; en 'n sterk geörienteerdheid op dade en doen, in die

wete dat die kern van die Christelike lewe diens is (Burger, 1991:21). Praktiese teologie handel oor die geloofshandelinge van mense. 'n Hernuwing en herstrukturering van die geloofslewe vind plaas (Cochraine et al, 1991:90). Dit gebeur in die pastorale gesprek waar die vertel van die lewensverhaal, 'n singewende verhelderingsproses word.

## 1.7 DIE ONTWIKKELING VAN HIERDIE STUDIE.

- In hoofstuk 1 is die navorsingsprobleem, die navorsingsdoel en die navorsingsmetode van hierdie studie en enkele belangrike begrippe omskryf sodat daar duidelike riglyne bestaan waarbinne die studie verder kan ontwikkel.

- In hoofstuk 2 sal daar aan die breë beginsels vir pastoraat aandag gegee word, asook hoe God tot die post moderne gelowige in sy wêreld kom, deur die bemiddelende pastorale handeling van mense wat deur die Heilige Gees in sy werk ingeskakel word.

- In hoofstuk 3 word gekyk na verantwoorde lewensbestuursvaardighede.

- In die laaste hoofstuk word aandag gegee aan die uitdaging aan pastoraat vandag en enkele riglyne word vir die pastor gestel, sodat die gelowige verantwoorde lewensbestuursvaardighede kan bekom en effektiewe probleemhanteringsgedrag kan aanleer.